165/84

Saak nr 56/83.
M C

NATIONAL EMPLOYER'S GENERAL
INSURANCE COMPANY LIMITED.

- en -

CHRISTINA GALANT

JANSEN AR.

Saak nr 56/83
M C

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

NATIONAL EMPLOYER'S GENERAL INSURANCE COMPANY LIMITED ........ Appellant

- en -

CHRISTINA GALANT .................... Respondent

Coram: JANSEN, MILLER *et* CILLIé ARR.

Verhoor: 27 AUGUSTUS 1984.

Gelewer: 10 DESEMBER 1984.

---

U I T S P R A A K

---

JANSEN AR:-

Ongeveer 01h15, 4 April 1981, het daar omtrent 23 km buite Barrydale op die pad na Ladismith 'n botsing tussen 'n Volkswagen Kombi en 'n 4,1 liter Chevrolet-motor plaasgevind. Die Chevrolet, bestuur deur ene Krotz, het vanaf Barrydale en die KOmbi, bestuur deur ene Le Roux, vanaf Ladismith gekom. Hulle het met mekaar gebots op 'n punt waar die Chevrolet na 'n lang reguit stuk pad begin het om 'n draai na links in te gaan, terwyl die Kombi besig was om uit die draai te kom. 'n Insittende van die Kombi, Christina Galant (hierna eiseres genoem), is beseer. Sy het later die statutê derdeparty versekeraar van die Chevrolet (National Employer's General Insurance Co Ltd, hierna eerste verweerder genoem) in die Landdroshof vir die Distrik Swellendam om skadevergoeding aangespreek (die <u>quantum</u>

is later ingevolge ooreenkoms op Rl 500-00 gestel). Voor die verhoor is Le Roux op aansoek van die eerste verweerder as tweede verweerder gevoeg. Die saak is in die landdroshof gevoer op die grondslag dat beslis moes word of die botsing te wyte was aan die nalatigheid van òf Le Roux òf Krotz òf albei, en indien lg die mate van skuld ("nalatigheid") van elk. Die landdros het bevind dat beide oorsaaklik nalatig was, met Krotz se skuld 60% en Le Roux se skuld 40% en hy het die eiseres se eis met koste gehandhaaf. Op appèl deur die eerste verweerder na die Kaapse Provinsiale Afdeling is die landdros se bevinding bekragtig maar die toerekening van skuld is omgekeer en Krotz se skuld is op 40% gestel en dié van Le Roux op 60%. Die eerste verweerder kom in hoër beroep met verlof van hierdie

Hof. (Soos in die hof *a quo* het Le Roux ook nie voor ons verskyn nie. Hy het die hof *a quo* verwittig dat hy vanweë gebrek aan fondse nie sou verskyn nie en die hof *a quo* het aanvaar dat hy in die uitspraak van die hof *a quo* sou berus.)

Die twee voertuie het mekaar regtervoorkant teen regtervoorkant getref, en by mekaar verby geskram. Le Roux sê die Chevrolet was gedeeltelik aan die verkeerde kant van die pad; Krotz sê darenteen dat dit die Kombi was wat gedeeltelik aan die verkeerde kant was. Die landdros het dit nie moontlik gevind om die punt van botsing op die pad te bepaal nie en het voorts gesê:

"By oorweging van al die getuienis kan die hof dan ook nie bevind wie aan wie se kant was nie ......". Later

bevind hy egter wel dat Le Roux "waarskynlik aan sy verkeerde kant van die pad was" en aldus nalatig was, terwyl Krotz "wel geleentheid gehad het om die botsing te vermy maar dit nie gedoen het nie". Die hof a quo het wesenlik tot dieselfde gevolgtrekking geraak.

Die grondslag van die hof a quo se bevinding is Krotz se eie getuienis. Volgens hom het hy op die reguit pad teen 100 km per uur gery. Toe hy die draai nader, het hy sy spoed na 80 km per uur verminder. Voorts sê hy in sy hoofgetuienis:

> "Toe ek die draai nader het ek die skerp straal van die ligte gesien. Dit was nog agter die draai. Toe het ek die ligte self ook gesien. Ek het my ligte 'gedim'. Ek het ook misligte aangehad. Dit werk saam met die 'dim' ligte.
>
> Toe ek die ligte self sien het ek besef die voertuig was nie aan sy regte kant nie

maar /.........

maar 2 voet aan my kant.

Ek het probeer links gaan maar kon nie want daar is 'n krans aan die linkerkant. Daar was nie veel tyd vir my nie. Toe ek probeer links toe is die botsing.

Die Kombi het my reg by my regter voorwiel getref en ons het bymekaar verby gekom."

Deurgaans bly hy daarby dat die Kombi se wiele 2vt oor die wit middelstreep was - hy wys selfs die afstand uit - en hy beaam tydens kruisondervraging dat die Kombi "die afstand gehandhaaf [het] tot die botsing". Dit volg natuurlik dat sy eie regterwiel dan op die oomblik van botsing nader as 2vt aan die middellyn moes gewees het anders sou daar geen botsing plaasgevind het nie. Die teeroppervlakte van die pad is 6,248 meter (ongeveer 20vt) breed en aan Krotz se kant was daar ook nog 'n gruisstrook van minstens 1vt (volgens sy eie erkenning).

Die Hof *a quo* het tereg aangeneem dat die wydte van die Chevrolet "slightly over 5 ft, though not as wide as 6 ft" was en dat "the Chevrolet would have had quite a few feet to spare between its right-hand side and the centre of the road if it was on the extreme left of the road". Anders gestel, die Chevrolet was ten tyde van die botsing ongeveer 3vt van die linkerrand van die teer. Weliswaar sê Krotz op een plek tydens kruisonder=vraging dat sy "linkervoorwiel was al oor die gruis" toe die botsing plaasvind, maar hierdie stelling is hoegenaamd nie te rym met die hele strekking van sy eie getuienis of die ander getuienis nie. Die hof *a quo* het dan ook tereg hierdie besonderheid van Krotz se getuienis as onjuis beskou en nie aanvaar nie. Oor die

afstand / ........

afstand tussen die voertuie toe Krotz bemerk het dat die Kombi 2vt oor die witstreep ry, sê hy eers "25vt" en dan "so 40 meter", maar hy wys 'n afstand van ongeveer 30 meter uit. Hy sê hy het remme aangeslaan maar "die remme het nie gesleep nie". Dan vervolg die kruis= ondervraging :-

"V. Hoekom het jy hulle - die remme nie hard aangeslaan nie ?

A. Ek het dit nie nodig gevind nie.

V. Hoekom nie ?

A. Omdat ek op my kant van die pad was en alreeds na links geswaai het en gedink het ons sal mekaar mis."

Tydens ondervraging van Krotz deur die verhoorhof, aan die einde van sy herverhoor, blyk die volgende:-

"V. Waarom het jy nie onmiddellik links gedraai toe jy die kombi aan die ver= keerde kant sien nie ?

A. Ek /.......

A. Ek het gedink hy sal my sien en dan oorswaai na sy baan toe.

V. Hy het dit toe nie gedoen nie ?

A. Nee.

V. As jy toe jy die kombi vir die eerste keer gesien het links gedraai het, sou daar 'n botsing gewees het ?

A. Nie as ek ver genoeg links gedraai het nie."

Dit blyk baie duidelik dat nadat Krotz daarvan bewus geword het dat die Kombi gedeeltelik oor die middellyn ry, daar 'n stadium was dat hy dit nie nodig geag het om enige of verdere voorsorg te neem om die gevaar te vermy nie. In ieder geval, as hy inderdaad na links geswenk het, het dit hom, volgens die noodwendige implikasie van sy eie getuienis, nie meer as hoogstens 2vt van die middellyn gebring nie. Krotz het die draai

geken / .......

geken, hy het geweet mense is geneig om die draai te sny, hy het besef 'n motor is aan die kom nog voor hy die direkte strale van die ligte op 'n afstand van 30-40 meter gesien het en desondanks het hy so naby die middellyn gebly. In die lig van die voorgaande kan kwalik bevind word dat die hof a quo fouteer het deur die saak soos volg in te sien :-

> "I am driven to the inevitable conclusion, looking at the evidence as a whole, that Krotz was correctly found to have been guilty of negligence because, as I appraise the situation, he failed to be aware of a dangerous situation building up in front of him as soon as he should have. He probably himself travelled far too close to the centre line at a time when he should have given way further to his left and he furthermore failed to react as a reasonable driver to a very dangerous situation the moment he became aware of it. Even making

allowance / .......

allowance for reaction time, I feel that he had sufficient time to have attempted at least a swerve to his left when he, on his own evidence, appreciated the danger and that if he had done this, he may well have avoided the collision or rendered the collision a more glancing one than it was and consequently probably a less serious one.

I come to the conclusion, therefore, that the magistrate correctly found Krotz to be negligent."

Weliswaar word betoog dat "die hele strekking van Krotz se getuienis was dat daar vir hom nie die geleentheid of die tyd was om die ongeluk te vermy nie" en dat nadat hy gesien het die Kombi is oor die middel van die pad, hy slegs ongeveer 1 sekonde gehad het om die botsing te vermy. Soos egter reeds aangetoon, dui Krotz se getuienis wel aan dat op 'n stadium hy verkeerdelik

gemeen het dat geen verdere stappe nodig is nie; en wàt die 1 sekonde betref, kan sekerlik nie gesê word dat die verhoorhof verkeerd is nie. Bowendien behoort Krotz redelikerwys reeds op 'n vroeë stadium toe hy die draai genader het en die gloed van die aankomende ligte in die draai gesien het, verder weg van die middellyn beweeg het.

Die appèl teen die bevinding dat Krotz oorsaaklik nalatig was, kan nie slaag nie.

Daar is nog die appèl teen die skuldverdeling deur die hof a quo, nl Krotz 40% en Le Roux 60%. Dit word betoog dat Krotz se skuld minimaal was en dat die hof a quo dit te hoog aangeslaan het. Maar as o.a. in ag geneem word dat Krotz naby die middellyn gery het

toe hy die draai genader het en dat hy daar gebly het ondanks die feit dat hy bewus was van 'n aankomende voertuig, is daar weinig rede om sy skuld vergeleke met dié van Le roux laer aan te slaan as wat die hof _a quo_ gedoen het. Inteendeel, die vraag kan eerder ook gestel word of dit nie miskien hoër moes gewees het nie, veral as die aandag ook op meer as slegs Krotz se eie getuienis gevestig sou word. Maar hierdie aspek hoef egter nie ondersoek te word nie: daar is geen teenappèl deur die tweede verweerder (Le Roux) nie.

Die kostebevel van die hof _a quo_ teen die tweede verweerder (Le Roux) word ook aangeveg. Aangesien die eerste verweerder daarin geslaag het om die skuld=verdeling vir hom verbeter te kry, het die hof _a quo_

koste / ..........

koste teen tweede verweerder (Le Roux) toegestaan in die volgende woorde :-

> "a very, very minor part of the appeal has been concerned with the apportionment against the second respondent. In my estimation a fair award insofar as costs are concerned is to order that the second respondent (Le Roux) pay 5% of the appellant's costs of appeal."

Dit word aangevoer dat die toekenning 50% moes gewees het. Daar is egter geen genoegsame rede geopper om in te gryp in die uitoefening van diskresie deur die hof a quo nie.

Die appèl word afgewys met koste.

E.L. JANSEN AR.

MILLER AR.)
Stem saam.
CILLIé AR.)